**RIGLYNE: GEBRUIK VAN KUNSMATIGE INTELLIGENSIE EN SOSIALE MEDIA**

**Wat is Kunsmatige intelligensie? (KI of AI)**

Kunsmatige intelligensie (of KI) is wanneer rekenaars of masjiene so ontwerp word dat hulle dinge kan doen wat mense se intelligensie normaalweg vereis. Dit sluit in om probleme op te los, besluite te neem, te leer uit ervaring en selfs taal te verstaan. KI gebruik bestaande inligting wat mense op die internet plaas. KI sorteer bloot inligting soos ons voorskryf of vra deur middel van aanporrings ("prompts")

KI is oral in ons wêreld teenwoordig, ons sien dit in ons slimfone, sosiale media, aanlyn speletjies en Chatbots (programme wat met jou gesels)
'n Baie kragtige Chatbot is ChatGPT. Dit kan baie vinnig vir jou antwoorde gee op vrae wat jy vra.

**Voordele:**
Daar is voordele daarin om ChatGPT te gebruik. Dit kan jou help om taalfoute op te spoor, dit kan 'n uitleg vir 'n opstel begin of selfs idees gee as jy sukkel om met 'n taak te begin.
**Nadele:**
Ongelukkig is daar meer nadele as voordele. KI is beslis nie altyd reg nie en as jy nie die vak ken nie, gaan jy nie die foute agterkom nie. Navorsing het ook gewys dat kinders wat baie van KI gebruik maak, se lees en skryfvaardigheid verswak en dat hulle sukkel om werk te memoriseer. Om voldoende te leer moet jy diep kan dink, as jy KI gebruik vat dit daardie vaardigheid weg.
KI kan ook maklik 'n afgod word. Jy kan maklik dink dit gaan jou help om allerlei probleme op te los. Ps 115 waarsku ons baie mooi hierteen.

Om jou te help om dit reg te gebruik het ons 'n paar reëls opgestel. Die volgende geld vir enige opdrag.

a. As jy KI gebruik moet jy dit altyd verklaar.
b. Jy moet verduidelik watter opdrag jy vir KI gegee het.
c. Jy moet die inhoud van jou taak voor in die klas kan verdedig. As jy alles net oor gekopieer het ken jy nie die inhoud nie en gaan jy dit nie kan doen nie.
d. Om ChatGPT te gebruik om jou huiswerk te doen is soos bedrog, dit is oneerlik.

Ons gaan ongelukkig ook moet optree as jy nie by die reëls hou nie.
Die volgende gaan dan gebeur:

- **Vlak 1** (vergeet of verkeerde verklaring) Herindiening binne 'n vasgestelde tyd; punte word afgetrek soos in rubriek gestipuleer.
- **Vlak 2** (grotendeels KI-outeurskap) Punte vir die betrokke afdeling: nul; heropstel onder toesig; skriftelike waarskuwing.
- **Vlak 3** (bedrog in taak of opdrag of eksamen) Nul vir die assessering; dissiplinêre proses volgens skoolreëls; moontlike skorsing en verdere stappe.

Om jou te help het ons ‘n kontrolelys opgestel. Gebruik dit om jouself te evalueer of jy binne perke hiervan gebruik gemaak het.

| | Onderwerp | Vrae vir selfevaluering | JA ALTYD | SOMS | NEE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Eerlikheid | Het ek self die werk nagegaan en verstaan voordat ek dit ingelewer het? | | | |
| | | Het ek duidelik gewys dat KI gehelp het (byvoorbeeld deur ‘n aanhaling of nota)? | | | |
| 2. | Deursigtigheid | Het ek eerlik gesê watter dele deur KI geskryf of gehelp is? | | | |
| | | Het ek seker gemaak die KI-inhoud vertel die waarheid en is feitlik korrek? | | | |
| 3. | Naasteliefde en respek vir ander | Kan my gebruik van KI iemand seermaak, belaglik maak of uitsluit? | | | |
| | | Toon my gebruik van KI respek en liefde vir ander mense en vir God se skepping? | | | |
| 4. | Rentmeesterskap | Het ek KI verantwoordelik gebruik — nie om werk te ontduik of te “kopieer” nie, maar om beter te leer? | | | |
| | | Dink ek aan die langtermyngevolge van hoe ek KI gebruik? | | | |
| 5. | Betroubaarheid en veiligheid | Is die KI-bron betroubaar, veilig en gepas vir skoolgebruik? | | | |
| | | Het ek persoonlike of sensitiewe inligting veilig gehou en nie gedeel nie? | | | |
| 6. | Skep dit waarde? | Het my gebruik van KI my gehelp om beter te verstaan, te groei of kreatiewer te dink? | | | |
| | | Sou ek trots wees om aan my ouers of onderwyser te wys hoe ek dit gebruik het? | | | |
| | | **TOTAAL:** | **/12** | **/12** | **/12** |

**As jou antwoorde meestal "Ja altyd" is:**

- Jy het al geleer om KI op 'n verantwoordelike en etiese manier te gebruik.

**As jy baie "Soms" of "Nee" het:**

- Dink weer oor jou motiewe en manier van gebruik - vra hulp om meer verantwoordelik met KI te werk.

**Sosiale media**

In die verlede het ons inligting d.m.v. briewe, telefoonoproepe en e-posse gedeel. Ons het oor nuusgebeure in die koerant gelees. Vandag deel ons baie van hierdie inligting op sosiale media. Dit is ‘n vinnige en maklike manier om te kommunikeer en deel te neem aan sosiale aktiwiteite.

**Daar is baie verskillende sosiale media platforms soos:**

Tiktok, Snapchat en Meta: Facebook, Instagram en Whatsapp
YouTube, LinkedIn, Discord, Twitch, Twitter (X), Reddit, Tinder

Daar is by elkeen voor- en nadele in die gebruik daarvan. Meeste van hierdie platforms het ‘n ouderdomsberpking, dit is dus nie gepas vir kinders onder ‘n sekere ouderdom nie. Tog gebruik kinders wel hierdie platforms, daarom het ons skool ook ‘n paar reëls wat jou, jou maats en die skool beskerm.

**Reëls:**

1. Jy kan met GSDP verbind word, selfs al noem jy dit nie uitdruklik nie. Byvoorbeeld, hul vriende kan medeleerders wees of hulle kan in foto’s van skoolgeleenthede *getag* word. Hierdie reëls is dus 24 uur per dag, 7 dae per week van toepassing, ook gedurende vakansies.
2. Digitale inhoud is altyd kwesbaar, toestelle kan gesteel word, en skermgrepe geneem word.
3. Sodra enige iemand anders jou inhoud sien, is dit soos ‘n plasing in ‘n koerant. Jy is dus wetlik aanspreeklik vir wat jy plaas of deel.
4. Alles wat jy aanlyn plaas, kan permanent bly bestaan.
5. Jy is nooit anoniem aanlyn nie.
6. Daar bestaan nie so iets soos “privaat” aanlyn nie.
7. Jy kan ook aanspreeklik wees vir inhoud wat jy deel, aanstuur, “like” of waar jy *getag* is, selfs al het jy dit nie self geskep nie.
8. Moenie oor GSDP op sosiale media kla of negatiewe opmerkings maak nie, dis gevaarlik.
9. Wat vir jou snaaks lyk, kan vir iemand anders aanstootlik wees.
10. Jy het die reg tot vryheid van spraak, maar nie om ander se regte te skaad nie — dink voor jy plaas.
11. Jy moet die bepalings en voorwaardes van die sosiale media-platforms wat jy gebruik, nakom.
12. Moenie jou naam, geboortedatum, adres, telefoonnommer of dié van die Skool of jou ouers/voogde aan enige iemand aanlyn gee of plaas nie.
13. Moenie vernederende of ongemaklike foto’s van jou familie, vriende of klasmaats neem of versprei sonder hul toestemming nie, ook nie op jou status nie.
14. Moenie onvriendelike of onwaar stellings oor ander mense maak of onvanpaste taal aanlyn gebruik nie.
15. As iemand vra dat jy inhoud of ’n foto van hulle moet verwyder, moet jy dit onmiddellik doen.
16. Moenie vals nuus versprei nie.
17. Moenie aanlyn met mense kontak maak of ontmoet wat jy nie persoonlik ken nie, tensy ’n volwassene dit goedkeur.
18. Wees altyd versigtig – mense aanlyn kan voorgee om iemand anders te wees.
19. Moenie ander aanlyn boelie, verneder, dreig of teister nie, en stuur nooit dreigende of kwetsende boodskappe nie.
20. Moenie voorgee jy is iemand anders of vals rekeninge skep nie.
21. Moenie jou wagwoorde aan iemand anders gee nie.
22. Moenie iemand anders se foon of rekening gebruik of daarin aanmeld nie, selfs al gee hulle toestemming nie.
23. Moenie enigiets aanlyn aflaai of bestel sonder om eers toestemming by ’n volwassene te vra nie.
24. Moenie onbekende skakels of aanhegsels oopmaak nie.
25. Jy mag nie enige aanlyn rekeninge skep wat voorgee om aan die Skool te behoort nie.

**Jy moet onmiddellik vir 'n volwassene of betroubare persoon sê as:**

1. Jy verdagte oproepe of boodskappe van onbekende persone ontvang.
2. Jy teisterende, dreigende, aanstootlike, onwettige of ongemaklike inhoud ontvang.
3. Jy deel is van 'n gesprek wat jou ongemaklik laat voel.
4. Iemand vir jou pornografiese of onvanpaste inhoud stuur. Jy mag dit onder geen omstandighede deel nie.
5. Iemand jou beeld gebruik om jou skade aan te doen (bv. deur memes of spotprente te maak).
6. Iemand kunsmatige intelligensie gebruik om vals beelde van jou te maak (bv. 'deepfakes').
7. Iemand vra jou om naakte foto's te stuur – weier altyd. Dit is 'n strafbare oortreding.
8. Iemand probeer jou afpers of dreig.
9. Jy sien dat iemand anders aanlyn geboelie of beledig word.

**Riglyne vir skool-WHATSAPP-groepe:**

1. Slegs skoolverwante inligting mag gedeel word – geen grappies, memes of sosiale debatte nie.
2. Moenie ander leerders doelbewus uitsluit of verwyder uit groepe om hulle te verneder of uit te sluit nie.
3. As iemand aanstootlike of onvanpaste dinge in die groep plaas, moet jy óf uit die groep gaan, óf sê dat dit verkeerd is.
4. Groepsadministrateurs is verantwoordelik vir enige inhoud wat in die groep geplaas word en kan aanspreeklik gehou word.
5. Aanlyn boelie gebeur ook op Whatsapp-groepe, dit kan lei tot strafmaatreëls of vervolging.
6. Antwoord net as dit nodig is – moenie groepe oorlaai met onnodige boodskappe nie.
7. Lang gesprekke wat net 'n paar mense raak, moet buite die groep gevoer word.
8. Wees versigtig met emoji's – sommige kan verkeerd geïnterpreteer word of selfs regsimplikasies hê.
9. Respekteer onderwysers se grense – moenie hulle buite skoolure kontak nie, tensy dit dringend is.

Die goue reël: Voor jy enigiets deel, vra jouself: **Is dit nodig? Is dit gepas? Is dit die regte tyd**